



TEGNIIESE KOMITEE VAN DIE WINGERDVERBETERINGSVERENIGING

(Soos hersien op 5 Junie 2025)

INHOUDSOPGAWE

1	SAMESTELLING	2
2	MAGTE VAN DIE TEGNIESE KOMITEE	2
3	WERKGROEPE	3

1. SAMESTELLING

- 1.1 Ten minste een raadslid moet op die Tegniese Komitee dien en die Voorsitter van die Komitee moet ook 'n Raadslid wees.
- 1.2 Die Raad wys elke 3 jaar die Voorsitter en lede van die Tegniese Komitee aan. Indien 'n aangewese lid sy pos gedurende die 3 jaar termyn sou ontruim, moet 'n nuwe komiteelid deur die Raad aangewys word.
- 1.3 Die Tegniese Komitee bestaan uit ten minste die volgende lede naamlik:
 - a) Voorsitter (namens die WVV Raad);
 - b) 1 lid namens Bosman Adama;
 - c) 1 lid namens Duikerfontein;
 - d) 1 lid namens SAPO;
 - e) 1 lid namens TopFruit;
 - f) 1 lid namens Vititec;
 - g) 1 lid namens Voor-Groenberg;
 - h) 2 lede namens SAWKV;
 - i) 1 lid namens Raisins SA;
 - j) 1 lid namens SATI;
 - k) 1 lid namens VinPro;
 - l) 1 lid namens LNR;
 - m) 1 lid namens NDL (Direktoraat Inspeksiedienste);
 - n) 1 lid namens NDL (Direktoraat Plantgesondheid, Diagnostiese dienste);en ander kundiges soos genomineer (Produsente, SA Forum vir Wingerdboukundiges, ens.).
- 1.4 Kundiges soos genomineer deur die lede van die vereniging kan op grond van hul spesifieke tegniese kundigheid gekoöpteer word.
- 1.5 Plaasvervangers moet vir elke amptelike verteenwoordiger soos in paragraaf 1.3, deur elkeen van die onderskeie instansies aangewys word, ten einde kontinuïteit by die vergaderings te behou.

2. MAGTE VAN TEGNIESE KOMITEE

- 2.1 Om aanbevelings aan die Raad te maak.
- 2.2 Om opdragte van die Raad af te handel.
- 2.3 Om standaard administratiewe take af te handel en goed te keur.
- 2.4 Alle besluite van die Tegniese Komitee sal onderhewig wees aan goedkeuring deur die Raad.

3. WERKGROEPE VAN DIE TEGNIESE KOMITEE

Die Tegniese Komitee kan van tyd tot tyd op aanbeveling van die Raad 'n werkgroep aanwys om aandag te gee aan spesifieke sake van belang. 'n Werkgroep kan ook in geval van 'n spesiale opdrag aangewys word.

3.1 Fitosanitêre Werkgroep

Die fitosanitêre werkgroep kom op 'n jaarlikse basis, of indien nodig op aanbeveling van die Tegniese Komitee byeen om die fitosanitêre prosedures en voorskrifte van die WVV te hersien en te bevestig.